N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 30

24 Julie 2022

Krisis skep uitdaging

Die Chinese karakter vir die woord krisis is ‘n kombinasie van twee ander Chinese karakters. Een is die karakter vir gevaar en die ander is die karakter vir geleentheid. Ons wêreld is in ‘n toestand van krisis. Ons volk is in ‘n toestand van krisis…Ons word deur krisis omring. Krisis skep uitdaging omdat daar saam met die gevaar daaraan verbonde geleenthede vir die maak van vrede ontstaan.

Daar was nog nooit in die geskiedenis van die mensdom meer geleenthede om ‘n getuie vir Christus te wees nie. Die gevaar wat die meeste mense in die gesig staar, word so oormeester deur die omvang van die behoefte dat hulle niks kan doen nie. Ten einde doeltreffende getuies te wees moet ons die menigte geleenthede wat beskikbaar is, deurgaan en ons beperkte tyd, energie en hulpmiddels fokus waar ons ons grootste bydrae tot vrede kan maak.

Die saak van Christus sterf nooit nie.

‘n Mens is gemaak vir iets buite homself. Dit is die rede waarom baie van ons ‘n buite verhouding gevoel van sukses ervaar in ons beroep, hoe alledaags dit ook al mag wees. En dit is waarom so baie afgetredenes skielik die lewe as smakeloos en leeg ervaar. Al die jare is ons identiteit ten volle aan ‘n maatskappy of bank of ander beroepe gewy… Dan, wanneer daar jare se diens gedoen is en die goue horlosie ontvang is, is alles skielik verby. Die werk is klaar, en so ook die rede om voor te leef…

Die saak van Christus sterf nooit. Dit laat vaar nooit die aanspraak op jou lewe nie. Dit bly ‘n kloppende dringendheid terwyl die tyd op ‘n kort baan na die ewigheid vlieg. Die saak is ewig. Die koninkryk is daar buite. Die oes is groot. Dade vir die koninkryk wag om gedoen te word met die mag wat deur die Almagtige geleen word.

Reik uit na die wêreld

So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is. Van ‘n bestuurder word veral vereis dat hy betroubaar sal wees. – 1Kor 4:1-2

Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges. – Gal 6:9-10

Dankie!

- **Vir God se Woord wat ‘n Lig vir ons pad is en ‘n lamp vir ons voet!**
- **Vir die voorreg wat ons as kinders van die Here het om saam met Hom Sy Koninkryk hier op aarde te vestig!**
- **Vir die Heilige Gees, ons Helper, om ons te leer en te lei!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Johan Kotzé – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – vir nabyheid van die Here.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Jaap Naudé – vir volle genesing.
- Eberhard Carshagen – vir die nabyheid van die Here.
- Marga Holzhausen – vir volle genesing.
- Annika Killian –vir genesing en herstel.
- Lilian van Zyl - vir genesing en herstel.
- David Huxham se pa – vir nabyheid van die Here.
- Elli van Rensburg – vir genesing.
- Oom Hannes Stolz – vir genesing en herstel.
- Karel Olsen – vir genesing en herstel.
- Susan van Zyl – vir genesing en herstel.
- Enid Kruger – vir spoedige herstel.
- Wimpie en Heloïse Lodewyk – vir volle herstel
- Martie van Staden – vir spoedige herstel na rugoperasie.

Ons innige meegevoel met Amanda Hopley & Familie met die afsterwe van haar moeder tannie Mimmie Laubscher

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor

N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org